HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 104 van 2026**

17 September 2026

Geagte Graad 11-ouer/-voog

Een van die skool se tradisies is dat die graad 12-leerders elke jaar hulle eie skooldas ontwerp. Daar is 'n stemproses en 'n wendas word gekies. Die das wat vir volgende jaar gebruik gaan word, is deur Elri Coetzer ontwerp. Baie geluk! Die koste beloop **R200** per das.

Die graad 12-leerders van 2027 benodig ook 'n rooi kopband vir volgende jaar se Interhoër en hulle sal aan die einde van volgende jaar 'n spesiale T-hemp ontvang wat hulle moet aantrek wanneer hulle eindeksamen moet skryf. Die koste van die kopband is **R70** en die T-hemp is **R150**.

Gevolglik moet elke graad 11-leerder 'n bedrag van **R420** aan die skool betaal om daardie drie items te dek. Die volle **R420** is betaalbaar voordat die leerder enige een van die drie items sal ontvang. U kan deur die *D6 Connect* betaal, per EFT óf by die skool met kontant of kaartfasiliteite.

Bankbesonderhede is soos volg:

**ABSA BANK**

| | |
|---|---|
| **Rekeninghouer:** | Hoërskool Randburg |
| **Rekeningnommer:** | 170 680 065 |
| **Takkode:** | 632005 |
| **Verwysing:** | Leerderkode, Das, Naam (bv. 12345,Das,Jannie) |

Bewys van betaling moet asseblief na betalings@hsrandburg.co.za gestuur word.

Vriendelike Randjiegroete

M. Aucamp
Onderwyser

pp
P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za